

Ds. A. W. C. Bester  
1982

Onderwerp: Die Hemelse Troongesig

Lees: Openbaring 4 verse 1 tot 7  
Openbaring 5 verse 1 tot 14

Teks: Openbaring 4 vers 2  
Openbaring 5 vers 5

Sing: Psalm 84 vers 1  
Gesang 177 verse 1 en 2

“Veral as gevolg van sy simboliese karakter is die laaste Bybelboek vir ons oor die algemeen baie ingewikkeld. Daar kom egter gedeeltes voor, waarvan die betekenis dadelik duidelik is en wat in kommervolle tye, soos ons tans beleef, baie ryk is aan troos vir die gelowiges. Tot sulke gedeeltes behoort ook die troongesig waaroor ons in hierdie boodskap besin.

“Ons wil nou na hierdie troongesig kyk in die lig van die verlede, hede en toekoms. Met ander woorde, wat was die uitwerking van hierdie gesig in daardie vêr verlede op Johannes; wat is die boodskap van hierdie gesig vir ons verwarde hede; en die vertrou uit hierdie gesig vir die onbekende toekoms.

“Die Apostel, wat as banneling op die eiland Patmos sit, word vergun om deur ’n geopende deur in die Hemel te kyk. In daardie onsienlike wêreld sien hy die Almagtige sit op sy troon wat skitter van bo-aardse glans, terwyl ’n reënboog van smarag as teken van genade en trou rondom die troon span.

“In sy regterhand het die Almagtige ’n boek van binne en van buite beskryf en met sewe seëls verseël.

“Dit is die boek van die Raadsbesluite van God. Die geskiedenis van die wêreld, vanaf die skepping tot aan die voleinding, staan daarin opgeteken.

“Die Almagtige bied die boek aan, aan wie waardig is om die sewe seëls, waarmee dit verseël is, te breek. Dit oop te maak en die wêreldplan wat daarin ontwerp is, uit te voer. Maar niemand was waardig om die boek oop te maak nie.

“Wat sal die uitwerking van die gesig op Johannes wees in sy eensaamheid daar op Patmos, omspoel deur woelige waters?

“Sy siel het met innerlike ontroering bewoë geword. Daardie troongesig laat hom wanhoop. Hy vrees dat

die raadsbesluite van God om die gevalle wêreld tot 'n nuwe Jerusalem te herskep, moet misluk. Hy vrees dat die verheerliking van God nie bereik sal kan word nie. En by die gedagte aan dit alles, bars hy in trane uit. Hy sê self: 'ek het baie geweën'.

"Maar die HERE troos hom. Een van die vier en twintig ouderlinge sê vir hom: 'Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek.'

"Ja Hy, want Hy het die vloek gedra wat op die skepping en die mensheid rus. Hy het die verwesenliking van die heilsplan van God gewaarborg.

"Toe Johannes sy vogtige oë ophef, sien hy in die middel van die troon 'n Lam staan asof hy geslag is - die Lam, Jesus Christus, waardeur die Almagtige sy raadsbesluite uitvoer. Alles in die Hemel val nou neer voor die triomferende Lam. Hulle sing 'n nuwe lied wat eindig met 'n gejubel: 'Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlijkheid en die krag tot in alle ewigheid!'

"Wat is nou die boodskap van hierdie gesig vir ons verwarde hede?

"Daar is so baie raaiselagtige dinge, skynbaar selfs teenstrydige dinge in die lewe. Ons tyd staan in die teken van verwarring en verval. Die wêreld jaag na sy einde. Die jare wentel voort en die wanhoop neem toe.

"Wie met die natuurlike oog op die verbysterende verwarring van ons tyd let, het daarop maar net een antwoord: die wêreld word óf deur blinde willekeur, óf deur bese menslike hartstog regeer.

"Wie egter al die gebeure van ons tyd met die oog van die geloof aanskou, het daarop 'n ander antwoord. Die oog van geloof wend hom af van wat voor oë is en rig hom op na die hoogte om soos Johannes deur 'n geopende deur in die Hemel te kyk. Vir die geloofsoog skitter in die hoogte die geslagde Lam in die middel van die troon met die verseelde boek in sy hand, besig om die sewe seëls een vir een oop te breek.

"Alles wat op hierdie aarde gebeur, is die verwerkliking van wat in daardie boek geskrywe staan. Die seën, kastydinge, die genadige verlossing, vreeslike gerugte, die onverwagte wendinge en raaiselagtige verrassings staan almal in daardie boek geskrywe; en vir die geloofsoog is hulle almal uitvloeisels van die hoogste wysheid.

“Daardie boek is die geskiedenis van die wêreld, waarvan die leiding in die hand lê van die geslagde Lam.

“Alles wat op aarde gebeur, die lief en die leed, die ellende en smart, die blydschap en vreugde, is noodsaaklike skakels in die geheel van die Goddelike plan. Hulle staan almal op hulle juiste plek en in hul regte verband. Ons geboorte-uur, ons sterfte-uur, ons krone, ons kruise en nood, die verdwasing van die mensheid - alles werk saam in die uitvoering van die heilsplan van God.

“Dan sal elke traan afgedroog, elke wanklank in die nuwe lied wegsterf, elke disharmonie in die herstelde skepping versoen wees en Jesus Christus sal alles in almal wees.

“Dit is die boodskap wat die troongesig aan elkeen bring wat met die geloofsoog deur die geopende deur van die Hemel ’n blik in die ewigheid mag werp.

“Wat is nou die vertrouwe uit hierdie gesig vir ons vir die toekoms?

“Die toestand van die wêreld van ons tyd herinner aan dit waaroor die laaste Bybelboek handel. Ons lees daarin van hongersnood, oorlog en peste, van vernielende hael en verterende vuur, van bloed, rook en vallende sterre, van ’n skepping wat onderstebo gekeer word.

“As ons dit alles lees, dink ons maklik dat daar niks van hierdie wêreld sal oorbly nie as net ’n puinhoop. Maar ons vergis ons. Die slot van hierdie boek is nie ’n puinhoop nie, maar ’n stad met goue strate, met jaspis mure en pêrel poorte - die ryk van ewige heerlikheid. Daarop wag die gelowige in kalme vertrouwe en probeer hy nie om in te dring in die boek van die raad van die HERE om vooruit te sien wat die HERE oor hom besluit het nie.

“In hierdie sin gaan die verseëlde boek in die hand van die Lam ons nie aan nie.

“Ons het ’n ander boek waarin die HERE sy wil aan ons geopenbaar het. Dit is die boek van die Heilige Gees. En dit is nie verseël nie. Dit is oop vir almal wat dit wil lees. Die verseëlde boek in die hand van die Lam en die oop boek in die hand van die sondaar bring troos, dit boesem vertrouwe in. Vertrauwe, kalme versterkende vertrouwe, dit is wat die hemelse gesig vir die toekoms inboesem.

“Dit laat ons nou reeds onder die lewensleed van die verskeurde wêreld, saam met die heiliges in die troongesig van Johannes ’n nuwe lied sing: ‘Die Lam wat

geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof.’

“Dit laat ons die onbekende toekoms met goeie moed tegemoet gaan, vol lewende hoop en vol spannende verwagting en vurige bruidsliefde.

“Amen.”